

**13 Maart**

**Skrifgedeelte: Lukas 12:1-36**

**Fokusgedeelte: Lukas 12:35, 36**

**Wees gereed ... Christus kom!**

Ons leef in 'n tyd waar gehoop en gebid word vir 'n beter toekoms, maar helaas, dit is en bly baie keer maar net 'n droom. Dit lyk asof toestande ons al hoe meer in 'n hoek vasdruk.

Dan lees ons hierdie pragtige woorde van Christus in verse 35 en 36: "Wees gereed! Julle moet wees soos mense wat wag ..." Dit is 'n heel ander boodskap – woorde van hoop! Eers spoor Christus sy kerk aan om Hom te bely en om nie deur die sorg van die lewe verteer te word nie. Dan sê Hy: "Wees gereed!"

Ja, die kind van God se verwagting op 'n beter toekoms is nie 'n droom nie, dit is nie onrealisties nie en dit is nie gelaai met onsekerheid nie. Inteendeel, voor ons elkeen lê 'n toekoms van vrede en vreugde: die ewige saligheid! Let op hoe Christus ons aanspoor: "Wees gereed ... die heupe omgord en die lampe aan die brand". Hier sit iets van haas in en van dringendheid.

Om dit te doen, is om die evangelie van Jesus Christus te leef. Dit is om vas te hou aan die heerlike beloftes van saligheid in Christus, ongeag jou aardse verwagtinge.

Dán kan ons "wees soos mense wat wag", want 'n beter toekoms is vir God se kind 'n heerlike verwagting en 'n sekere belofte. Dit kom, want GóD het dit aan sy kinders belowe.

*Sing: Psalm 130:3*

*Ds NW Ligthelm (Pretoria-Alkantrant)*

